**DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG**

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

**29 Augustus 2021**

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Efesiërs 2: 1 - 10 |
| **Tema** | Agteruit vorentoe |
| **Sang** | Psalm 90: 1, 7<br>Skrifberyming 15-1: 2, 3<br>Skrifberyming 9-4: 1, 6<br>Psalm 71: 12, 14 |

Transformasie beteken ‘n radikale verandering in jou lewe – fisies en geestelik. Die apostel Paulus herinner ons aan wie en wat ons was. Ons was dood in ons sonde, maar God het in Christus ‘n transformasie bewerk. Hy wys ons agtertoe, sodat ons vorentoe in gehoorsaamheid en vreugde kan lewe. God werk met dieselfde krag in ons as waarmee Hy Christus uit die dood opgewek het. Omdat ons heeltemal dood was, herskep God ons inwendig. Hy wek ons uit die geestelike dood op en gee ons ’n plek saam met Christus in die hemel.

Dood beteken om jou doel of teiken te mis. God het die mens gemaak om Hom te dien. Die sondeval neem ons weg van God na die ewige dood. Ons het ons deur die duiwel laat lei en is deur ons sondige begeertes oorheers, want ons het presies die teenoorgestelde gedoen as wat die Here wou hê. Ons sou ewig gestraf moes word en sonder God en sonder liefde en sonder enige hoop in hierdie lewe wees. Alles sou net op ‘n groot duisternis uitloop.

Maar God het alles kom verander. Hy is oneindig ryk in barmhartigheid en het ons eerste liefgehad. Hy buig in Christus af na die wêreld en maak in Sy dood en opstanding ‘n pad na die hemel oop. Die belangrike wat ons moet raaksien is dat God hierdie verandering teweeg gebring het. Dit was nie die prestasie van die gelowiges self nie. Die verandering het gekom deur die versoening van Christus. Gelowiges het nie self verander nie. God het alle gelowiges deur Christus verander. Waar mense ver van God was, het God hulle nader aan Hom getrek. Waar hulle sonder hoop en toekoms was, het God hoop gebring. Waar hulle in vyandskap met ander geleef het, het God die vyandskap weggevat en die muur van skeiding afgebreek en vir hulle vrede gebring.

God neem die inisiatief omdat Hy vol barmhartigheid, liefde, genade en goedheid is. Die redding word ons deel deur die geloof en geloof is ’n gawe van God. Ook die gelowige se aanvaarding van redding is genade, en daarom het niemand enige iets om op trots te wees nie. Ons was verslaaf aan sondige begeertes, nou is ons die nuwe skepping van God, want die lewende God het ons in Christus herskep. God het die kerk, die gelowiges as sy kunswerk geskep. Ons doel is om goeie werke te doen. Ons is deur die band met Christus verander in woord, daad en gedagte. God herskep ons volgens die beeld van Christus, wat in gehoorsaamheid aan die Vader, goeie werke doen. So kan ons ’n nuwe lewe leef, gewy aan goeie werke. Ons het nou die lus en liefde om goeie werke te doen en dit te geniet.

Met goddelike krag trek Christus ons saam met Hom uit die dood. Deur die Heilige Gees is ons nou bruikbaar in diens van die ewige Koning. Ons bely in Sondag 33 van die HK dat goeie werke slegs uit ‘n ware geloof kan gebeur en volgens die wet van God (maw gehoorsaamheid) tot sy eer gedoen word en nie die wat op ons goeddunke gegrond is nie. Kyk agtertoe waar en wie jy was en leef vorentoe en eer God vir sy groot liefde, genade en ewige trou!

## OOG VIR MEKAAR



* Ons maak met leedwese bekend dat Gert du Toit die afgelope week na ‘n beroerte oorlede is. Die begrafnis is DV Donderdag om 11 uur. Ons dink aan Brenda en Theuns Koekemoer wat hom die afgelope jare versorg het.
* Ons bid vir Gerhard Maritz wat betraling vir kanker ontvang. Sterkte Martie en Johan met die ondersteuning en bystand.
* Ons bid vir Rika Schutte en Zoë Erasmus wat chemo behandeling ontvang. Mag die Here julle geloof versterk.

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

*Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.*

*Jesaja 41: 10*

## KERKRAAD

Ter approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderling en diaken:

**Ouderlinge:**
Phillip Van Der Walt

**Diaken:**
Roelof Venter



# KALENDER



## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend /Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| So 29 Aug | ***Issie Engelbrecht ***** <br> Leon Grimbeek | ***84*** <br> ***53*** | B <br> B | 082 834 5897 <br> 083 670 4863 |
| Ma 30 Aug | Jaco De Witt | 46 | B | 084 513 8300 |
| Di 31 Aug | ***Alta Fourie **** | ***72*** | B | 082 668 2061 |
| Do 2 Sept | Zan-Mari Weideman <br> Roald Pretorius | 21 <br> 17 | B <br> D | 071 687 1721 <br> 071 588 1903 |
| Vr 3 Sept | Christa Carlisle <br> Alfrieda Lessing | 46 <br> 40 | B <br> B | 082 923 9845 <br> 083 636 4057 |
| Sa 4 Sept | ***Corrie Venter **** <br> Jan-Hendrik Hoogendyk | ***79*** <br> 13 | B <br> D | 082 496 7955 <br> 083 703 5920 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 2 Sept 2017 | CC & Bénita Barkhuizen | 4 | 071 609 1633 <br> 072 028 1966 |

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 31 Aug 2021 | 09:30 | Kerk | Bybelstudie |
| 1 Sept 2021 | 18:00 | Kerk | Bybelstudie |
| 2 Sept 2021 | 09:30 | Alta Theron | Bybelstudie |
| 6 Sept 2021 | 18:00 | **ZOOM** | Diakens Vergadering |

# DIAKONIE


Graag versoek ons lidmate wat **lemoen en groente sakke** het om die ASB by die kerkkantoor in te gee, ons benodig dit om die groente skenkings in te verpak.


Die diakonie vra asb vir skekings van bees en / of wilds vleis wat verwerk kan word vir fondse vir die diakonie. Kontak Reinhardt Weidemann op 082 610 0623.

**Die diakonie verkoop weer wildsvleis :**

**Maalvleis : R 71.43 / kg**
**Braaiwors : R 85.71 / kg**
**Kookvleis : R 50.00 / kg**
**Pasteie : R 100.00 / pastei (1KG @ R 100.00 elk & 600 Gram @ R 60.00 elk)**

Ondersteun asb hierdie projek van die diakonie. Teen hierdie prysse kan niemand die geleentheid laat verby gaan nie. Voorkom teleurstelling en skakel Reinhardt Weidemann op 082 610 0623 om bestellings te plaas.


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 120 826.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
FEB
MRT
APR
MEI
JUN
R 36 533.50
R 50 317.40
R 41 630.70
R 22 141.76
R 23 858.80
R 35 979.75
R 36 064.00
R 27 227.60
R 12 430.00
R 32 103.94
INKOMSTE
UITGAWES

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!*

*Efesiërs 2: 4 - 5*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS